**Besoek www.litnet.co.za vir gratis skole-inhoud.**

# Afrikaans Huistaal

## Graad 12 Vraestel 1

## MEMORANDUM

Cecilia Klopper
0828720039

**Punte**: 70
Hierdie memorandum bestaan uit 5 bladsye.

**Afdeling A**: Leesbegrip

**Antwoorde: Teks A**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Dit is 'n **feit**, omdat die **30%** aantoon dat daar navorsing gedoen is en dat die statistieke beskikbaar is. | 2 |
| 1.2 | D sosiale druk | 1 |
| 1.3 | Ja, dit verwys na iets wat gevaarliker is as sigarette. Dit gee dus dadelik die gevaar verbonde aan damprook. Dit laat mens wonder wat is gevaarliker as sigaretrook, en dan lees jy die artikel. | 1 |
| 1.4 | 1.4.1 Paragrawe 1–3: Die statistieke is betroubaar, want dit verwys na die feit dat die Universiteit van Kaapstad die studie gedoen het.<br>1.4.2 Paragraaf 9: Die statistieke is betroubaar, want dit verwys na die Big Tobacco Tiny Targets- Suid-Afrikaanse studie wat deur SATFYF gedoen is. | 2 |
| 1.5 | 1.5.1 Dat onskuldige, gegeurde damprookprodukte en stylvolle, tegnologie-geïnspireerde ontwerpe geensins skadelik is nie.<br><br>1.5.2 "KANSA waarsku jongmense, hul ouers en onderwysers dat damprook nie 'n veilige opsie vir jongmense is nie, omdat dit nikotienverslawing, longskade en 'n verhoogde waarskynlikheid om na die gebruik van tradisionele tabakprodukte te beweeg inhou. Dit skep 'n nuwe generasie nikotien-afhanklike individue." | 2 |
| 1.6 | Die Kankervereniging van Suid-Afrika. | 1 |
| 1.7 | Nikotienverslawing, longskade en 'n verhoogde waarskynlikheid om na die gebruik van tradisionele tabakprodukte te beweeg. | 2 |
| 1.8 | Waar.<br>Die Universiteit van Kaapstad het onlangs 'n studie gedoen oor die afmetings van damprook by skoolkinders. | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.9 | Dat nikotien 'n ontwikkelende brein kan beskadig met langtermyngevolge vir die geheue, aandagspan en leer. Dit skep ook die gevaar vir oorskakeling na konvensionele sigaretrook. (enige 2) | 2 |
| 1.10 | Dat tabakprodukte doelgerig vertoon, bemark en verkoop word om kinders te lok. | 1 |
| 1.11 | Strenger regulasies, anti-damprookveldtogte deur skole, gemeenskapsleiers en ouers, asook sosiale media-aanspreeklikheid. (enige twee) | 1 |
| 1.12 | Kanker | 1 |
| 1.13 | Dit is 'n gratis aanlyn rookstaak-ondersteuningsprogram wat leiding, mentorskap en praktiese hulpmiddels verskaf om rokers te help om permanent op te hou rook. | 1 |
| 1.14 | Agtien | 1 |
| 1.15 | "[...] reguleer nie die damprook effektief nie." | 1 |
| 1.16 | Dit is ironies, omdat die damprook geensins onskuldig is nie. Dit benadeel jou gesondheid drasties. | 2 |
| 1.17 | Damprookwinkels en aanlyn handelaars versuim dikwels om ouderdomme te verifieer, wat toegang vir minderjariges vergemaklik. | 1 |
| 1.18 | Die damprooktoerusting word ooghoogte op die toonbank uitgestal. Die kinders sien dit onmiddellik raak en dan word die produkte aan minderjariges verkoop. | 2 |

**Antwoorde: Teks B**

| | | |
|---|---|---|
| 1.19 | Eie mening<br>Leerders in meer gegoede skole is beter ingelig teen die gevare van damprook. | 1 |
| 1.20 | *The Lancet* (29 November 2024) | 1 |

**Antwoorde: Teks A en Teks B**

| | | |
|---|---|---|
| 1.21 | Albei handel oor damprook. | 1 |
| 1.22 | Teks A is 'n geskrewe teks (artikel) en teks B is 'n visuele teks (grafieke). | 1 |

**Totaal: Afdeling A (30)**

**Afdeling B: Opsomming**
**Vraag 2**
**Nasienriglyne**

**Paragraaf**
Eet vars kos en vermy gepreserveerde kos. Maak seker jy eet genoeg proteïene en vette om jou geheue en breinboodskappers te verbeter. Eet eier, kaas of maalvleis op volgraanbrood voordat jy ’n lang vraestel gaan skryf. Rooivleis, boontjies en neute verskaf yster wat noodsaaklik is vir breinwerking. Jou brein benodig ook baie vitamiene C in koejawels, tamaties en sitrusvrugte soos lemoene. Biltong, neute of kaas is voedsame peuselhappies. Eet eier, lewer, lensies, sojabone en natuurlik vars vrugte en groente vir genoeg vitamiene B. Drink water in plaas van koffie. [90]

- Indien daar TWEE (of meer) feite in EEN sin gegee word, word slegs die eerste feit nagesien. Die tweede feit word geïgnoreer.
- Direkte aanhalings is toelaatbaar. Die leerder word nie hiervoor in die feitedeel gepenaliseer nie, maar wel in die taaldeel.
- Indien afkortings in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die aantal woorde wat dit voorstel, byvoorbeeld: a.g.v. = 3 woorde.
- Leerders MOET die KORREKTE aantal woorde aandui. Tel slegs indien dit duidelik is dat daar te veel woorde is en die kandidate nie die korrekte aantal aangedui het nie. Leerders word nie gepenaliseer as hulle nie die woorde aangedui het nie.
- Leerders moet die opsomming in die vereiste formaat aanbied. ’n Opsomming in die verkeerde formaat MOET wel nagesien word. (Sien PUNTETOEKENNING.)
- Indien die opsomming te KORT is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE.
- Indien die opsomming te lank is, word daar slegs 5 ekstra woorde toegelaat. Trek ’n streep deur die oortollige werk en moet dit nie verder nasien nie.
- Leerders hoef nie ’n titel te verskaf nie.
- Slegs feite wat in VOLSINNE aangebied word, verdien punte. (’n Volsin het ’n werkwoord / werkwoorde.)

**PUNTETOEKENNING:**

- 7 punte vir 7 korrekte feite (1 punt per korrekte feit)
- 3 punte vir taalgebruik
- Totale punt: 10
- **Verspreiding van taalpunt waar die leerder nié direk aangehaal het nie**:
- 1–3 korrekte feite: 1 punt
- 4–5 korrekte feite: 2 punte
- 6–7 korrekte feite: 3 punte

| |
|---|
| • **Verspreiding van taalpunt waar die leerder direk aangehaal het**:<br>• 6–7 aanhalings: Geen punt vir taal nie<br>• 1–5 aanhalings: 1 punt vir taal |
| **Totaal: Afdeling B (10)** |

**Afdeling C: Taalstrukture en -konvensies**

**Vraag 3: Visuele teks – advertensie**
**Teks D**

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Ouers van tieners | 1 |
| 3.2 | Foto's en verskillende groottes skrif. Die font (tipe skrif) by die opskrif verskil ook van die res van die advertensie. (enige 2) | 2 |
| 3.3 | Nóú<br><br>Akuuttekens | 1 |
| 3.4 | Maatnaam | 1 |
| 3.5 | Voedingstof | 1 |
| 3.6 | Bywoordelike bepaling van tyd | 1 |
| 3.7 | Enige 3–4 porsies van die volgende melk- en suiwelprodukte moet per dag vir die aanbevole hoeveelheid kalsiuminname ingeneem word. | 1 |
| 3.8 | Proteïene | 1 |
| 3.9 | Produkte: "melk**produkte** en suiwelprodukte" | 1 |
| | | **(10)** |

**Vraag 4: Strokiesprent**

**Antwoorde: Teks E**

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Haai | 1 |
| 4.2 | Hy kyk nie in die rigting van die boelie nie, dus wil hy konflik vermy. | 1 |
| 4.3 | Figuurlik. Hy dink by homself dat hy weet hoe om boelies te stop. | 2 |
| 4.4 | Die boelie staan en lag terwyl hy na die slagoffer wys. Hy is vol selfvertroue. | 1 |
| 4.5 | Hy troos homself daaraan dat nie almal teen hom kan wees nie (en dat iemand hom dalk sal help). | 1 |
| 4.6 | Eie mening. Ja / nee plus 'n goeie rede. | 1 |
| 4.7 | Aanwysende voornaamwoord | 1 |
| 4.8 | Bevel | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 4.9 | Die geboeliede seun vra dat Leonard asseblief vir meneer Botes moet gaan roep. | 1 |
| 4.10 | Dat hulle genot daaruit put om te sien hoe die seun geboelie word. Hulle geniet die situasie. | 1 |
| | | **[10]** |

**Vraag 5: Tydskrifartikel**

**Antwoorde:**

| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | Afkraking / vernedering | 1 |
| 5.2 | Minderwaardig | 1 |
| 5.3 | Soek | 1 |
| 5.4 | Figuurlik. Daar word nie letterlik ’n vuur aangesteek nie. | 1 |
| 5.5 | Voegwoord | 1 |
| 5.6 | Interna**s**ionale | 1 |
| 5.7 | Dit is die naam van ’n boek. | 1 |
| 5.8 | Alle woorde wat op ’n -o eindig, kry ’n afkappings-s in die meervoud. | 1 |
| 5.9 | C Anglisisme | 1 |
| 5.10 | Na ’n lang dag by die skool is dit lekker om te gaan **stort**. | 1 |
| | | **(10)** |

**Totaal: Afdeling C (30)**
**Groottotaal [70]**